WESTERGLOED
gemeente

"Christus, alles en in almal"

AANHANGSEL A BY
WGG BELEID: POPIA
DD 01 JULIE 2021

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE: WGG POPIA INLIGTINGSBEAMPTE

Die WGG POPIA Inligtingsbeampte(s) word by die Inligtingsreguleerder geregistreer en is verantwoordelik vir die volgende aspekte binne WGG:

1. Toesien dat WGG aan al die voorskrifte en bepalings van POPIA voldoen, met spesifieke aandag aan die agt voorwaardes van POPIA, mbt die regmatige verwerking van persoonlike inligting van alle datasubjekte/lidmate.
2. Hanteer alle versoeke wat aan die gemeente gerig word in terme van POPIA.
3. Hanteer alle POPIA navrae vanaf WGG personeel.
4. Om saam met die Inligtingsreguleerder enige ondersoeke/klagtes teen die gemeente, tov die nie nakoming van POPIA, te hanteer.
5. Bykomende verantwoordelikhede volgens Art 55(1) van die Wet:
5.1 'n POPIA voldoeningsraamwerk vir die gemeente ontwikkel, implementeer, monitor en onderhou; 5.2 'n Persoonlike inligtingsimpakassessering doen, om te verseker dat voldoende maatreëls en standaarde bestaan, ten einde te voldoen aan die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting;
5.3 'n POPIA beleid vir die gemeente ontwikkel, monitor, onderhou en beskikbaar stel, soos voorgeskryf in Wet 4 van 2013 op Beskerming van Persoonlike Inligting;
5.4 Interne maatreëls ontwikkel saam met voldoende stelsels om versoeke, om inligting of toegang daartoe, te verwerk;
5.5 Gereelde WGG personeel bewusmakingsessies te hou oor die bepalings van die Wet, regulasies in terme van die Wet uitgevaardig, gedragskode, of inligting vanaf die Reguleerder verkry;
5.6 Om 5.1 en 5.5 se belangrikste riglyne in 'n kompakte "POPIA Wenke" kaart vir WGG personeel beskikbaar te stel.
6. Om 'n maandelikse POPIA veiligheidsvoorsorgmaatreël/-wenk per epos aan WGG personeel te stuur.
7. Om deurentyd op hoogte te bly van alle nuwe POPIA wetgewing of regulasies ten einde die WGG Prosedure Handleiding op te dateer en WGG personeel dienooreenkomstig ingelig te hou.

013-741-1355 admin@westergloed.co.za Koraalboomstraat 36, Nelspruit Posbus 16212, Nelspruit, 1200